het schrille gefluit der locomotief door de bergen weerkaatst, dan zal dat land de voorraadschuur worden van geheel Zuid-Afrika en een der prachtigste paarlen in de Kroon der Statenrij van geheel de wereld".

---


(1) Doel van die skrywer was, om sonder kommentaar, die beskrywing van Stiemens te verwerk. In een opsig moet van die reël afgewyk word, daar dit die duur van die reis van Natal na Potchefstroom betref. Lesers sal opmerk dat die vertrek aan die begin van Augustus 1859 plaasgevind het en nie aan die begin van September nie. Uit ander bronne blyk dat S. sy aanstelling as onderwyser in September 1859 ontvang het.
'n Wetenskaplik-historiese oorsig oor die Transvaalse woelings o.a. in: "Geskiedenis van Suid-Afrika", deel I, bls. 346 e.v.
Nasionale Pers, Kaapstad (1951).

(2) Van Boeschoten se skool het gestaan waar tans die Weshoek en die telefoon rekening-afdeling nou is. Moontlik is dit die gebou wat Stiemens gebou het.

(3) Stefanus Schoeman se huis "Klein Schoemansdal" het gestaan waar nou die woning van die Direkteur van die Dieretuin is.

## DE BRUYN SE SKOENWINKEL

Van dr. J.A. Valks, Sydney Mansions 9, Reitzstraat, is, onder dagtekening 30.XII.1951 die volgende bydrae ontvang, terwyl deur bemiddeling van dr. Valks van mnr. S. Zagt die foto verkry is waarna die skrywer verwys. Die redaksie is dr. Valks en mnr. Zagt dankbaar vir hul medewerking. Hier volg die inhoud van die skrywe van dr. Valks.
"In Deel 1, No. 2 van Pretoriana kom tussen heelwat wetenswaardigs op bls. 14 'n foto voor van "De Bruyn se Skoenwinkel". Die datum van oprigting, 1893, is egter onjuis, altans vir die gebou. Die datum moet later wees, want die "Noord-Brabantsche Schoenwinkel" was geruime tyd gevestig in die "Franken-gebouw", omtrent regoor die winkel op genoemde portret, dus ook in die ou "Marktstraat".
Die gebou was effens onderkant die plek, waar die eerste Residensie-Hotel gevestig was wat vanaf 1900 deur Mnr. en Mevr. Groeneveld tot bloei gebring is. Voor die tyd was dit meer 'n spoggerige losieshuis onder bestuur van 'n Juffr. Mientje. Mnr. Franken self, die eienaar, het daar by tye gewoon.
Aan die noordkant het die eintlike "Frankengebouw", waarin die skoenwinkel gevestig was, gestaan. In later jare is die hele blok ingeneem deur die Arbeidsdepartement en is eers onlangs afgebreek.
De Bruyn was egter reeds in 1888 (waarskynlik nog 'n ietsie vroeër) gevestig in kamers in "Marktstraat" (nou Paul Krugerstraat) naby die hoek van Strubenstraat, langsaan die plek, waar op 'n effens later datum die familie H. Zagt hul sake begin het.
Op die foto (1) is die warandadeur regs De Bruyn sy besigheid.



Mnr. Zagt het later al die grond gekoop, wat 'n gedeelte van die woonplek van Mnr. Bok in Strubenstraat, uitgemaak het. Daarop is toe 'n dubbelverdieping hoekhuis en winkel gebou, wat daarna uitgebrei is met nog vier persele, almal is vandag nog in gebruik.
In die oorspronklike besigheid het De Bruyn hoofsaaklik 'n reparasie-werkplaas gehad, waar ook aangemete skoene gemaak is, besonder deeglike werk; in die dae 'n uitkoms vir mense met voetgebreke. De Bruyn was toentertyd een van ons huisvriende. My vader wat in sy jonger jare ook onderwyser was het hom en 'n sekere mnr. Schepper(?) vir plesier Engels geleer. Die les het gewoonlik geëindig met koffie en koek en 'n geselsie tot laat in die aand.
Een aand vertel De Bruyn, dat hy besig was aan 'n skoen met 'n sool en polvy van drie duim vir 'n mank man, toe 'n kaffer inkom. Hierdie nasie was in die ou dae maar taamlik baar. Die jong staar stom verbaas en vol bewondering die werk aan. "Ehè, baas, mhlè, baas!" "Ja, jong, dis vir 'n man met 'n siek been".. "Nna ke-rata xo na le seêta, samblief, baas". "Nee wat, jy kan nie daardie skoen koop nie. Dis baie werk om hulle te maak en dit kos baie sjelt". "Dis niks, baas, ek sal bataal". Die kaffer hou aan, dat hy so'n paar skoene wil hê. Op die ou end kom hul toe ooreen oor die prys en 'n paar skoene is gemaak, wat later 'n hele opskudding van bewondering en afguns in sy lokasie verwek het".

---------------

(1) Goedgunstiglik deur Mnr. S. Zagt vir reproduksie afgestaan.